

**Die dood van die dogter van owerste Cornelius. Hoe die mens die Messias behoort te volg**

# 127

Nou wil Judas egter ook, verhit deur die wyn, sy stem verhef en sy bure, die leerlinge van Johannes, iets vertel. Maar **Thomas**, sy nog heel kalme teenstander, is hom voor en sê: "Vriend, as die meesters praat, moet die leerlinge swyg en slegs luister, maar veral niks sê nie! Want hier sou elke woord uit ons mond `n groot en growwe domheid wees! As jy jou egter nie kan inhou nie, gaan dan na buite in die oop veld en skreeu so hard jy kan en wil en as jou mond daardeur moeg geword het, kom dan terug."

[2] **Judas sê** "Wat het jy tog teen my? Ek het jou tog geen kwaad gedoen nie! Mag ek dan nooit iets sê nie?"

[3] **Thomas sê**: "Jou wysheid ken ons nou al van die jare toet en ons sit regtig nie daarvoor en wag om, naas die Wysheid van ons groot Meester, die van jou hier vir die duisendste maal te moet hoor en so wys as wat jy is, is ons almal van huis uit! Jy kan dus verder geen betere leer gee as dié wat ons al het nie, en hopelik sien jy daarom in dat dit hier heeltemal nie nodig is dat jy ook praat nie! Ons leerlinge moet slegs praat as ons iets gevra word; ons kan self ook vra, maar dan moet ons daarop let dat ons vraag voortkom uit `n egte en ware behoefte! As ons egter slegs uit pure nuuskierigheid vrae stel om ons praatsieke tong sy gang te laat gaan, dan is ons `n geseling werd; want `n waansinnige dwaas moet altyd met gesels gestraf word!"

[4] **Judas sê**: "Nou goed, nou goed! Ek is al stil; want ek weet immers dat ek in jou teenwoordigheid niks kan en mag sê nie. Want jy is die wysheid van die profeet ElijaH self! Dit is slegs jammer dat jy nie vóór Salomo geleef het nie! In jou skool sou Salomo dit nog veel verder met die Wysheid gebring het! Maar nou hou ek op, ek is al stil."

[5] **Thomas wou graag nog iets aan Judas teruggesê het, maar Ek gee hom `n teken dat dit genoeg was, en Thomas swyg.**

[6] **Één van die leerlinge** van Johannes kon dit egter nog steeds nie verteer dat Ek hom en sy metgeselle vergelyk het met `n ou, geskeurde kleed wat `n mens met `n nuwe lap moet herstel nie, en met ou, verweerde sakke wat nie geskik is om met nuwe wyn gevul te word nie. Hy rig hom daarom tot My en vra op `n ietwat onbehoorlike manier: "Ek sien nou ook wel dat U `n profeet is; maar soos ek dit sien, smaak wyn uit ou sakke beter as jong wyn uit nuwe sakke, en so gesien kan U gewaad ook bepaald nie nuut genoem word nie; dit mag binnekort dalk `n paar lappe nodig hê, dan kan ek U wel daaraan help, want ek het nog genoeg materiaal. As ek U dus van diens kan wees, dan kan U Uself tot my wend!"

[7] Sy metgeselle wil hom daar en dan direk uitgooi vir hierdie onbehoorlike vraag. Maar Ek neem dit by hom op

en lê vir hom die vergelyking nog ietwat meer verstaanbaar uit, waardeur hy gerusgestel word.

[8] Aan die andere sê **Ek** egter: "As jy `n blinde sien wat oor `n hark struikel en val en deur sy val die staande hoë gras langs die hark platdruk en `n bietjie beskadig, is dit dan wys van jou as jy die blinde daarvoor ter verantwoording sou roep en sou straf? Kyk, hierdie broer van julle sien net soos julle wel met sy liggaamlike oë, maar die oë van sy siel is nog taamlik blind, en as jy dit besef, is dit tog baie hard om hom te straf omdat hy in ons teenwoordigheid `n bietjie gestruikel het!"

[9] Na hierdie woorde roep **almal** `n luide "hoera" en "geseënd is U" en hulle sê: "Dit is goed gesê, en - wie sy eie goeie en wyse woorde toepas, is werd om `n mens der mense genoem en ook as sodanig gekroon te word! Mag u geseënd wees en mag U hoog lewe, U mens der mense."

[10] Kwalik het hierdie woorde geklink en het ek hulle nog `n bietjie oor die ou klere en oor die nuwe wyn en oor die sakke vertel, kom daar in aller yl `n owerste uit Kapernaum (dit was die Romeinse owerste **Cornelius**) binne, storm op My af, val voor My neer en byna uitasem sê hy: "Meester! Vriend! goddelike Meester en Verlosser! My liefste dogter, wat my naam dra, my heerlike, goeie en mooie dogter het gesterf!" (Toe huil die owerste en kon `n tyd lank van verdriet nie praat nie. Na `n rukkie, waarin hy ietwat tot bedaring kom, praat hy weer verder: )

[11] Meester, U vir wie niks onmoontlik is nie, kom saam met my na my huis en lê U wonderhand op haar, dan sal sy sekerlik weer lewend word, net soos die dogtertjie van die skoolowerste Jairus, wat ook heeltemal dood was en lewend geword het! Ek smek U as my mees verhewe vriend: kom en bewys my hierdie barmhartigheid!" (*Matthéüs. 9: 18*)

[12] **Ek sê**: "Wees gerus, Ek kom en sal doen wat jy My gevra het! Hoewel jou dogter geheel en al dood en ook al koud is, sal Ek haar tog opwek, sodat sy dan die glansrykheid van Elohim aan die arme mense kan verkondig! Laat ons dus gaan!" (*Matthéüs. 9: 19*)

[13] My leerlinge vra nou of hulle hier op My moet wag of moet saamgaan. Maar **Ek sê**: "Julle almal, My leerlinge en ook jy Matthéüs, wat tollenaar was, volg My! Ek het vir jou aardse huis gesorg en dit sal Ek bly doen; maar daarvoor moet ook jy, net soos die andere hier, My leerling wees!"

[14] Matthéüs werp dadelik sy opsigtersklere eenkant, trek sy goeie mantel aan en volg My sonder om eers die instruksies te gee wat `n Meester van die huis gewoonlik aan sy mense sal gee vir die tyd wat hy afwesig sal wees.

[15] Let wel: Elkeen wat My wil volg, behoort so op te tree! **Hy moet die aardse sake- en beroepslewe geheel-en-al te los** en nie meer besig bly met sy aardse lewensomstandighede nie, omdat hy andersins nie sal

deug vir en in My koninkryk nie! **Want wie die hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is nie geskik vir die Ryk van Elohim nie!**

*In Kapernaum en Nasáret:*

*Cornelia word uit die dood opgewek*

# 128

En dan nou weer verder met die geskiedenis van die evangelie!

[2] Nadat ons al taamlik laat die middag uit die huis van Matthéüs weg was, kom daar so ongeveer halfpad na Kapernaum `n vrou vinnig agter ons aan wat, net soos `n ander Griekse vrou voorheen wat ongeveer twaalf jaar aan bloeding gely het en wat deur niemand gehelp kon word nie. **Hierdie vrou**, wat die verhaal van die vorige Griekse een gehoor het, raak slegs die soom van My bokleed aan (*Matthéüs. 9:20*) en word dadelik gesond. Want haar innerlike gevoel dwing haar om aan haarself te sê: “As ek slegs die soom van Sy gewaad kan aanraak, dan sal ek genees word!” (*Matthéüs. 9:21*) En so gebeur dit dan ook oombliklik soos wat sy geglo het. En sy merk ook dadelik op dat deur die gelowige aanraak van My gewaad, die bron van haar twaalfjarige lyding opgedroog het.

[3] **Ek** draai My om en sê aan die vrou: “Wees getroos, My dogter, jou geloof het jou gehelp! Gaan heen in vrede!” En die vrou het onder baie tranes van dank- en vreugde terug huis toe gegaan en was sedertdien gesond. (*Matthéüs. 9:22*)

[4] Hierdie vrou was `n Judeër en geen Griek nie; maar wat nie ver van `n Griekse nedersetting af gewoon het nie. Sy het dikwels by die Grieke gekom en het baie van hulle gehoor en so het sy ook gehoor van die genesing van die vorige Griekse vrou waarvoor Markus en die skilder en digter Lukas later geskryf het. Omdat hierdie twee voorvalle so baie ooreenkom, word dit selfs deur die geleerdste godsgeleerdes as een en dieselfde voorval beskou, hoewel dit beslis nie die volle waarheid is nie, en dus water op die meul van die twyfelaars is.

[5] Dadelik daarna vra Matthéüs die skrywer My of hy hierdie voorval moet opteken en ook nog watter ander gebeurtenisse van die dag.

[6] En **Ek** sê aan hom: “Jy moet alles wat vandag gebeur opskrywe, behalwe die bevoorrading van die huis van jou naamgenoot en dit wat daar gepraat is. Ons gaan vandag nog terug huis toe en môre het ons genoeg tyd om presies af te spreek wat daar oor vandag geskryf moet word”.

[7] Matthéüs die skrywer het vrede daarmee, en ons bereik nou ook weldra die huis van die owerste en gaan dan dadelik na die saal waar die oorlede dogter op `n bed lê wat op die Romeinse manier opgemaak is.

[8] Daar was binne egter `n aantal musikante en ander lawaaimakers; want dit was hul gebruik om vir die oorledene baie lawaai te maak sodat sy weer sou ontwaak of, as dit nie gebeur nie, om die afgesante van

die hellevors Pluto te verjaag, soos wat die grootste, gewone, blinde deel van die heidense volk wat hier die groot herrie maak, gedink het.

[9] Toe Ek met die leerlinge in die groot kamer kom en hulle onsinnige spektakel sien en hoor (*Matthéüs. 9:23*), beveel Ek hulle dat hulle vóór enigiets eers moet ophou met hulle kabaal en vervolgens uit die kamer uit en heeltemal uit die huis uit moet gaan, omdat die dogter nie gesterf het nie, maar slegs slaap. (*Matthéüs. 9: 24*)

[10] Toe begin die gehuurde **lawaaimakers** (natuurlik vir geld, want sonder geld word daar vir niemand lawaai gemaak nie!) My uit te lag en een van hulle sê vertroulik aan My: “Dit sal U hier nie so maklik geluk soos by Jairus nie! Bekyk haar maar eers ietwat beter en dan sal U as dokter dadelik sien dat sy, volgens die leer van die beroemde ou Griekse arts Hippokrates, volkome dood is, en wil U nou beweer dat sy slaap?”

[11] Die owerste sien dat die kabaalmakers nie wil weggaan nie; toe gebied hy hulle onder dreiging van `n flinke straf en gee die soldate wat wagstaan opdrag om die volk na buite te dryf. Toe verdwyn al die lawaai-opskoppers spoedig uit die kamer uit.

[12] En toe die kamer en ook die hele huis bevry was van hierdie lastige gaste, gaan Ek dadelik met My leerlinge en die verwante van die owerste die kamer in, loop direk na die doodsbed, gryp die dogter sonder om iets te sê aan die hand en oombliklik staan sy op, net so fiks en gesond asof sy nooit iets makeer het nie. (*Matthéüs. 9: 25*)

[13] Toe die dogter sien dat sy op die bed wat aan haar heel bekend was, en waarop slegs die dode gelê word, gelê het, vra sy dadelik wat dit beteken dat sy op die doodsbed gelê het.

[14] **Die owerste** gaan na haar toe en sê vol opregte vreugde: “My baie geliefde Cornelia! Jy was ernstig siek en jy het ook aan die kwaadaardige siekte doodgegaan, jy was dood en jy sou reddeloos dood gebly het as hierdie waarlik Almagtige Verlosser der verlossers jou nie met Sy goddelike krag opgewek het nie, net soos Hy `n paar dae gelede ook die aan jou welbekende dogtertjie van die skoolowerste Jairus opgewek het. Verheug jou daarom weer oor die mooie lewe en wees voortaan hierdie Vriend der vriende buitengewoon dankbaar, wat die enigste is wat jou die verlore hoogste goed naamlik die kosbare lewe, teruggee het!”